



**TULI BEESTELERSGENOTSKAP VAN SA
TULI CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA**

**Notule vir die Algemene Jaarvergadering gehou by The Willows, BLOEMFONTEIN op 22
Augustus 2014 om 10:00**

***Minutes for the Annual General Meeting held at The Willows, BLOEMFONTEIN on 22
August 2014 at 10:00***

Teenwoordig /Present:

Werner Gouws – Voorsitter / Chairman	Lizette Vermaak
Callie Barnard – Vise Voorsitter / Vice Chairman	Chris Johnson
Chris Hobson - Raadslid / Councilor	Stephan Welz
Albie Rautenbach - Raadslid / Councilor	Carmen Welz
Alwyn Marx - Raadslid / Councilor	Cornelis Rautenbach
Jeanné Wasserfall - Sekretaresse / Secretary	Casper Kriel
Ben Rossouw	Steve Mains-Sheard
Stephané Roos	Daniel Buss
Leslie Cook	Dave Cawthorn
Gordon Gilfillan	David McEwan
Paul Smit	Oscar Johnson
Russell Clark	Edward Clark
Dr Pierre van Rooyen - SA Stamboek / SA Stud Book	

1. Opening en verwelkoming / Opening and welcome

Mnr Gouws verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

Mr Gouws welcomed members present and opened the meeting with prayer.

**2. Kennisgewing, bywoningsregister en verskonings vir afwesigheid / Notice of meeting,
attendance register and apologies for absence**

Die kennisgewing van die vergadering is betyds uitgestuur en die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar. Die bywoningsregister word gesirkuleer en onderteken.

The notice of the meeting was sent timeously and the meeting thus declared as properly constituted. The attendance register was duly signed.

Verskoning is ontvang vanaf / Apologies was received from:

Giel van Niekerk	Kobus Oosthuysen	Pierre Mey
Coenraad Slabber	Abel Rautenbach Jnr	Vincent Beukes
Stefan van Wyk	Edith Galpin	Rev. John Burchell
Merensia Groenewald	Tom & Nyreen Downie	Frans Burger
Arthur & Jenny Schulze	Charles Scheepers	Johan van Rijswijk
Ben Raath	William Franklin	Rikus vd Merwe
Anthony Kitching	Gerhard Steenkamp	RT Rix
Chris Els		

2.1. Lief en Leed / Joy and Sorrow

Oscar Johnson vier sy verjaarsdag vandag.

Oscar Johnson celebrate his birthday today.

‘n Minuut van stilte word gehandhaaf in eerbetoon met die afsterwe van die volgende persone deur die jaar.

The meeting observed a minute of silence in memory of the under mentioned who passed away during the year.

Nyreen Downie se vader / *Nyreen Downie's father*

Rikus van der Merwe se moeder / *Rikus van der Merwe's mother*

3. Goedkeuring van die notule van vorige vergadering gehou op 16 Augustus 2013 / Approval of the minutes of the previous meeting on 16 August 2013

Mnr Welz noem dat 7.4 nie ooreenstem met die Grondwet nie. Daar word besluit dat ‘n kennisgewing vir ‘n Grondwetwysiging vir die volgende Algemene Jaarvergadering (2015) voorgestel sal word.

Nadat die nodige veranderinge aan die notule aangebring is, word die notule goedgekeur. Voorgestel mev Welz, sekondeer mnr Barnard.

Mr Welz stated that 7.4 do not agree with the Constitution. There was decided that a notice for a Constitution Amendment will be suggested at the next Annual General Meeting (2015).

After the nessacery changes was made the minutes was approved. Suggested Mrs Welz, seconded Mr Barnard.

4. Sake vooruitspruitend uit die notule / *Matters arising from minutes*

Geen / None

5. Byvoegings tot die agenda / *Additions to the agenda*

Sien punt 7 op die agenda / *See item 7 on the agenda*

6. Nuwe sake / *New matters*

6.1. Portefeuilles verslae / *Portfolio reports*

6.1.1. Presidents Verslag / *President's Report* – Mnr Gouws / Mr Gouws

Dit is met dankbaarheid dat ons terugkyk oor 'n besige, maar goeie jaar vir ons as Tuli genootskap en Ras. Ek is trots om 'n Tuli teler te wees. The Unique breed which has proven himself through the years.

Firstly I want to thank our heavenly farther giving me the willpower and wisdom to fulfill in my daily duties.

Ek wil begin deur net 'n oomblik stil te staan by ons pragtige joernaal en al die harde werk van ons bemarkings beampete, Lizette Vermaak. Ek wil vir haar en al die rolspelers bedank vir hulle lojaliteit en bereidwilligheid met die ontwerp en redaktering van 'n pragtige vertoonvenster van ons ras. 'n Woord van dank aan sekretariaat en spesifiek ons sekretariesse, Liezel Grobler, wat ons in Mei maand verlaat het, en huidiglik Jeanné Wasserfall. Geen woorde kan die dames se deugde omskryf nie. Dankie vir al jou harde werk die afgelope jare Liezel, alle sterkte vir die pad vorentoe. Jy is 'n wonderlike mens. Baie welkom aan Jeanné, ek glo en vertrou ons gaan baie lekker saam werk nou en in die toekoms.

Ook 'n woord van dank aan my mede raadslede wat onbaatsigtig saamwerk om hierdie genootskap en die ras suksesvol te bestuur.

'n Spesiale vermelding en dank aan die Noordelike Tuli Klub wat van krag tot krag gaan met 'n suksesvolle veiling en 'n puik boeredag. Daar word ook verwys na ander suksesvolle veilings en boeredae soos gereel deur Jenda en Go West.

Ek glo almal sal met my saamstem as ek sê dat die Tuli's vir my soos 'n familie voel. Die wyse waarop medetelers kan saamwerk en die sinergie tussen telers is iets wat mens hoog op prys stel.

It goes well with our breed. Membership has grown to 75 during the past year. Currently there is more than 9300 registered animals on record at Studbook. Welcome to all our new members. I trust that you will also experience the companionship of fellow breeders as part of our close knitted Tuli family.

Seker een van die mees onbaatsugtigste werke is die van ons genootskap keurders. Sonder 'n gekla het die span dit reggekry om vanaf Februarie 2013 nie minder as 1650 diere te inspekteer in vergelyke met die vorige jaar se getal van 860 diere. Die jaarlikse keurings- en opknappingskursus was ook 'n groot sukses. Dit is wonderlik om te sien hoeveel nuwe belangstelendes daar in ons geledere is. Dit is lekker om nuwe gesigte by die geleenthede te sien. Gelukwense aan ons 6 nuwe junior keurders wat die prakties en teoretiese toetse geslaag het. Dit maak my nog meer opgewonde oor die toekoms van ons pragtige ras.

Suid-Afrika word gekenmerk as die broodmandjie van Afrika. Met 'n positiewe bevolkingsgroei en 'n duidelike projeksie in afname in landbou produktiwiteit, is dit duidelik dat ons as beesvleis produsente skouer aan die wiel moet sit om Suid-Afrika sowel as die res van Afrika vir die volgende 20 jaar te kan voorsien met voortreflike rooivleis

Dit is ons as Tuli stoettelers se taak om die mark met uitsonderlike gehalte bulle en vroulike teel diere te voorsien wat onder ekstensiewe veld toestande 'n veskil in die komersieële boer se boerdery en sak sal maak.

Aardverwarming en natuurskommelings het weereens hierdie jaar vir ons laat besef dit is van kardinale belang om met doelgerigte teeldoelwitte die korrekte bees vir ons Afrika toestande te teel. Droogte in een deel, en uiterste nat toestande in die ander, het tot gevolg gehad dat diere onder alle omstandighede tot die uiterste beproef word. Die goeie reën het kalmte en vetroue in die boerdery gemeenskap gebring en tesame daarmee ons dank aan die drie enige God wat alles vir ons moontlik maak en aan wie ons die toekoms van ons ras opdra.

Allow me a word towards performance testing. Breeders will have to take cognisance of this very important aspect as it will be compulsory in future and clearly stipulates the way forward towards maintaining the Tuli breed as the most furtile indigenous breed.

Also a word of welcome to our Zambian Breeders in joining the Tuli family in South-Africa, as they have decided to proceed with Studbook.

Ons Namibiese telers is wel bekend aan almal in Suid-Afrika. Nou met die grens tussen die twee lande weer oopgestel, sien ons uit na goeie samewerking en om besigheidsbande te versterk.

a' Warm welcome to our Zimbabwean delegates, we trust you will enjoy your visit and time spend with the South-African society. We would like to take this opportunity to encourage the Zimbabwean Society in joining Studbook for all their performance testing and record keeping.

We truly believe this is a step in the right direction and the way forward for the TULI breed in general. As you know this will allow us to compare all the animals with their Zimbabwe counter parts and therefore improve our breeds EBV accuracy tremendously.

To conclude we thank everybody that contributed in making the past year a success. We urge everybody to uphold our slogan Tuli for Indigenous-Polled Profit that makes it an intelligent choice.

A clever farmer once said “ If times are tough, hang on to the cow’s tail as she will pull you through”.

6.1.2. Tesouriers Verslag / Treasurer's Report – Mnr Marx / Mr Marx

Finansiële verslag: 01 Julie 2013 – 30/06/2014

Die Genootskap sluit die 2014 jaar af met ‘n Winssyfer van R 103 504, teenoor die 2013 syfer van R 33 505. Dis sowat R 70 000 of 209% meer. In geheel het die Genootskap ‘n uitstekende finansiële jaar beleef, met die Geldmarkfonds wat R 76 384 = 37.3% sterker afsluit. Die Raad bedank elke teler vir die goeie bestuur van hul Genootskapsrekeninge, waarsonder dit nie moontlik sal wees nie. Dit was weereens in 2014 nie nodig om enige rekeninge af te skryf as oninbaar nie. ‘n Baie groot dankie hiervoor. Ons vertrou dat dit so sal bly in die toekoms.

*Aan die **Algemene Inkomste kant**, is dit 31.64% meer (R 837 246 vs R 635 998 in 2013). Daar is in totaal 10.51% meer Ledegelde ontvang, en 20.30% meer Per Kapita. Albei hierdie syfers is ‘n funksie van groei in lede- en dieretalle, asook fooiverhogings. Die Stamboekfooie is ook heelwat hoër (42.76), wat ook dieselfde verklaring het, maar dit balanseer weer uit teen ‘n ooreenstemmende-hoër uitgawe bedrag (45.74%). Keuringsbesoekfooie asook Keuring - Dierefooie is effens op (20.8% en 14.3% osk.) Rente ontvang val onder ‘Ander Inkomstes’ en is 48.30% meer. Dit weerspieël die positiewe kontantvloeisituasie van die Genootskap.*

*Aan die **Algemene Uitgawekant**, is die totaal matig hoër op 18%. Dit is ‘n funksie van verskeie faktore.*

- *Die grootste verhoogde uitgawe, is Nampo, wat met R 39 400 toegeneem het teenoor 2013, agt die krale wat opgegrader moes word. Die uiteensetting is op P 12 van die state te siene (enkele allokasie is aangepas vanaf 2014). Nampo is die grootste Landbou-bemarkingsdag waarby ons betrokke is.*
- *‘n Verdere groot verhoging is die Keurderskursus (R 36 194 teenoor nul in 2013). Hierdie is een manier hoe die Raad geldte terugploeg in die Genootskap in, deur te verseker dat keurders goed opgelei is vir hul belangrike taak.*
- *Sekretariële Diensfooie is op met 13.3%, wat weereens die groei in die Genootskap asook die inflasie-verwante koste-aanpassing weerspieël.*

- *Reis- en verblyfkostes: -35% : Maar die Keurings-uitgawe item van R 19 275 is net vanjaar apart aangetoon, en dus is die afname eintlik 17%*

Uitgawes waar daar noemenswardige dalings was:

- *Advertensies en Publisiteit: -66% (ons het geen Veeplaas Paket vanjaar gehad nie).*
- *Ons het egter wel die volgende advertensie-uitgawes gehad:*
 - 1) *Agri Mega Week: R 6900*
 - 2) *Landbouweekblad en Farmer's Weekly: R 29 632 (dit is op P12 as Pro-Agri Artikel benoem – die ouditeure sal dit regstel)*
 - 3) *Veeplaas advertensie: R 8 550*
 - 4) *Pro-Agri Kalender uitgawes: R 11 742 (apart aangetoon)*

Daar is baie spandeer aan advertensies en raspromosie, wat beteken geld word in die Genootskap teruggeploeg. Aan die einde van die dag is die Genootskap nie daar om jaarliks groot winste te genereer nie, maar om die belang van die Tuli-telers te bevorder.

Dr van Rooyen noem dat SA Stamboek net een keer per jaar hul fooie aanpas en dat dit so na moontlik aan inflasie verband hou. Mnr Marx noem ook dat by Pro-Agri artikel die bedrag van R 29 632, Lanbou Weekblad en Farmer's Weekly insluit.

Dr van Rooyen stated that SA Stud Book only adjust their fees once a year and that they are trying to keep it inflation related. Mr Marx also stated that the amount at Pro-Agri Article includes Landbou Weekblad and Farmer's Weekly.

6.1.3. Goedkeuring van Jaarlikse Finansiële state jaar einde 30 Junie 2014 / Approval of Annual Finances Statements year end 30 June 2014

Die finansiële state word goedgekeur. Voorgestel mnr Mullins, gesekondeer mnr Welz.

The financial statements are approved. Suggested Mr Mullins, secondated Mr Welz.

6.1.4. Aanstel van Ouditeure / Appointment of Auditor

Christi Wagenaar word heraangestel as Ouditeure. Voorgestel mnr Welz, sekondeer mnr Barnard.

Christi Wagenaar was reappointed as Auditor. Suggested Mr Welz, secondated Mr Barnard.

6.1.5. Verslag deur Promosie en Bemarkings kommitee / Report by Promotion and Marketing committee

- Joernaal 2014/ Journal 2014 – Mnr Barnard / Mr Barnard

Mnr Barnard noem dat die joernaal 'n spieël na buite is vir die Tuli Genootskap. Mnr Barnard noem ook dat elke teler 'n verantwoordelikheid het teenoor die joernaal.

Mnr Barnard doen 'n beroep op elke teler om 'n bydrae tot die joernaal te lewer, sodat die Genootskap 'n dikker en beter kwaliteit joernaal kan lewer. Mnr C Johnson komplimenteer die Genootskap vir hul Joernaal 2014.

Mnr Gouws noem dat hy die joernale wat na Nampo oorgebly het, saam geneem het Britztown toe vir die Keurderskursus. By die keurderskursus is daar al aan sommige van die lede joernale oorhandig. Die sekretaresse het ook 100 joernale aan mnr Siyalima gepos vir die Nasrex Development Farmers Expo, asook 80 joernale gepos vir Jenda. Mnr Gouws noem ook dat daar baie joernale tydens Nampo uitgedeel is en dat daar nog joernale by hom is en dat daar uitgevind moet word of daar nog joernale by mnr Raath is na die keurderskursus.

Daar word besluit dat daar eers 'n opname gemaak moet word voordat daar nog joernale gedruk gaan word en dat daar volgende jaar 2000 joernale gedruk sal word.

Mr Barnard stated that the journal is the mirror to the outside world. Mr Barnard stated that every Breeder has a responsibility to the journal. Mr Barnard appeals to each member to contribute to the journal, in order for the Society to hand out a better quality journal. Mr C Johnson compliments the Society on their Journal 2014.

Mr Gouws stated that he took all the journals that were left after Nampo to Britstown where the inspection course took place. During the inspectors course some of the breeders received their journals. The secretary sended a 100 journals to Mr Siyalima for Nasrex Development Farmers Expo as well as 80 journals to Jenda. Mr Gouws stated that there where a lot of journals handed out during Nampo. Mr Gouws also stated that he still have journals left after Nampo and he will contact Mr Raath to find out if there are any journals left after the inspectors course.

There have been decided that a survey will take place before more journals are printed and that the Society will print 2 000 journals next year.

- Joernaal verslag / Journal report – Mev Vermaak / Mrs Vermaak

As ons in ag neem dat ons pragtige land 'n ressesie in die gesig staar is dit met trots dat ons

hierdie jaar kan aankondig dat die joernaal 'n wins van ongeveer R20 000 getoon het nadat ons 'n oplaag van 1 500 gedruk het wat versprei is tydens Nampo, boeredae en veilings, asook onder ons adverteerders en lede. Alles te danke aan die 30% van ons telers wat die joernaal ondersteun het dmv advertensies. Die buite-adverteers is steeds kranig, maar ons werk steeds onverpoos daaraan en vra ook in die verband u help. Baie van die maatskappye is meer toeganklik via hul verteenwoordigers wat by u op u plase kom en waarmee u besigheid doen. Ons sal die nodige inligting en papierwerk aan u voorsien, as u dit net vir ons sal kanaliseer.

Die joernaal bly steeds u as telers en die genootskap se vertoonvenster aan veral die

kommersiele beeswereld en is dit van kardinale belang dat elkeen sy/haar bydrae lewer – daarom doen ons weereens ‘n beroep op u om asb u foto’s en nuuswaardighede rondom veilings, boeredae en interessanthede met betrekking tot die Tuli ras vir ons deur te stuur. Enige tyd van die jaar is u welkom om bogenoemde vir my deur te stuur na herefords@vodamail.co.za of kontak my gerus by 082 41 22 868. Enige voorstelle, kommentaar en artikels is ook welkom.

Graag wil ons ook in die 2015 joernaal meer internasionale nuus publiseer van veral ons buurlande en doen ons ‘n beroep op u om asb ook hier vir ons behulpsaam te wees. Moedig asb u mede telers en kennisse aan om artikels te skryf en deel te neem dmv advertensies sodat almal kan sien hoe divers die Tuli is en hoe goed aangepas die ras is in ‘n wye verskeidenheid van omstandighede en omgewings. Ons sien uit na ‘n propvol 2015 joernaal!

Mnr A Rautenbach doen ‘n beroep op die telers om die joernale by koöperasies en veeartse aftegee en dat dit nie net in hul huise lê nie.

Mnr Barnard stel voor dat die afsnypunt vir advertensies en artikels vir die joernaal vervroeg word na 31 Maart 2015 en indien ‘n teler sy advertensie na die afsnydatum instuur nie geplaas gaan word nie. Dit word eenparig aanvaar.

Mnr Welz stel voor dat ‘n ekstra R 1 000 vir elke teler bygevoeg word vir die joernaal en indien die teler dan ‘n advertensie plaas, sal die teler ‘n R 1 000 van sy totale rekening vir die joernaal afkry. Mnre Marx, Mullins en A Rautenbach sekondeer.

Mr A Rautenbach appeals to every member of the Society to hand out the journals at the local corporations and vets.

Mr Barnard suggest that the cut off date for advertisements and articles for the journal should be 31 March 2015 and if a breeder sends in his advertisement late his advertisement will not be placed. It was unanimously approved.

Mr Welz suggest that a additional R 1 000 should be added to each breeder’s account for the journal and if a breeder places a advertisement the breeder will receive a R 1 000 discount on his journal expenses. Mr Marx, Mullins and A Rautenbach seconded.

- Algemene Bemarking / General Marketing – Mnre Hobson en Raath / *Mr Hobson and Mr Raath*

Daar gaan September ‘n artikel van Keith Ramsey in die Veeplaas verskyn, dan gaan

daar ook by insetnuus 'n kort artikel verskyn oor die keurderskursusse hier by my op die plaas en die voorblad gaan 'n Tuli koei en kalf wees. Ons gaan ook Oktober 'n kwart blad advertensie plaas. Alle geregistreerde telers gaan ook vir 'n jaar 'n Veeplaas of Stock Farm, gratis in die pos ontvang. Die genootskap kan ook vir 'n jaar gratis inset nuus publiseer, soos die kursus by my. Bring dit onder die lede se aandag, sodat ons hiervan gebruik kan maak.

Daar was ook 2 maande terug 'n advertensie in die Pro Agri.

Ons moet net dringend in September ook 'n artikel in die Landbou weekblad plaas. Die small's word natuurlik elke maand geplaas.

Verder het ons banniere laat maak, dvd vir Nampo wat ook aan lede gegee gaan word, die stalletjie by Nampo is ook opgegradeer. Ons het ook die klere reeks uitgebrei en kinder hempies met 'n Tuli slagspreek daarop - dit was baie gewild. Ons het ook Tuli drasakke met die "logo" daarop aan mense gegee.

Mev Welz stel voor dat alle lede in kennis gestel gaan word wanneer die DVD klaar is en beskikbaar is. Dit word eenpaarig aanvaar.

Mrs Welz suggest that once the DVD becomes available that all the breeders will be informed. It's been unanimously approved.

- Nampo – Mnr Gouws / Mr Gouws

Mnr Gouws noem dat Nampo 2014 'n groot sukses was. Mnr Gouws noem ook dat die krale baie goed lyk en dat hy nuwe banniere laat maak het. Mnre Gouws en Marx het die stalletjie bestuur tydens Nampo 2014. Mnr Gouws bedank mnr Cornelius Rautenbach vir die uitstal van sy bul (CR 080026) en mnr Albie Rautenbach vir die uitstal van sy koei en kalf (R 050015). Mnr Gouws noem dat indien daar enige voorstelle is vir Nampo 2015, kan hul hom gerus kontak of indien iemand wil help.

Mr Gouws stated that Nampo 2014 was a big success. Mr Gouws also stated that the cages are looking good and that he made new banners. Mr Gouws and Marx managed the stand during Nampo 2014. Mr Gouws thank Mr C Rautenbach for the exhibition of his bull (CR 080026) and Mr A Rautenbach for the exhibition of his cow and calf (R 050015). Mr Gouws stated that if any one has any suggestions for improvement or wants to help during Nampo 2015 they can contact him.

6.1.6 Verslag deur Rasadviseurende komitee / Report by Breed advisory committee – Mnre van Rijswijk / Mr van Rijswijk

Mnr Gouws lees mnr van Rijswijk se verslag in sy afwesigheid.

Mr Gouws reads Mr van Rijswijk's report in his absence.

Die laaste tyd is daar so baie dinge wat verander, tog is dit lekker om die verslag te skryf aangesien ons Tuli's regtig goed presteer in die bedryf. Alhoewel 'n klomp van die Tulitelers nie binne bekende bees streke is nie, is ons prestasies nogsteeds van so aard dat ons die vrugbaarste inheemse vleisbeesras binne Suid-Afrika is. Dit is egter ons plig om die Tuli op alle gebiede te probeer verbeter sonder om die unieke eienskappe van die Tuli te verloor. Ons, as Raad, het reeds die volgende in plek geplaas. Rasstandaarde en Prestasie toetsing.

Rasstandaarde: *Daar word nogsteeds probleme ondervind met die nuwe rasstandaarde. Dit is asof daar 'n verwarring is rakende die nuwe rasstandaarde aangesien die TKP op al die diere in die bedryf van toepassing is, maar die OEK slegs op diere is van 2010 en jonger. Die uitskakeling van diere met swak TKP het tot gevolg gehad dat ons TKP verbeter het tot 408 dae. Die laaste 12 maande se TKP, volgens die SA Stamboekverslag, is slegs 391 dae wat aandui op 'n verdere verbetering op TKP in die toekoms.*

Prestasie toetsing: *Die feit dat prestasie toetsing verpligtend is sal wel binnekort die verlangde uitwerking vir ons gee. Dit is wel nog 'n bekommernis in die oopsig dat daar wel lede is wat nie die nodige gewigte en weeg-datums deurgee nie. Ons moet onthou hoe meer data voorsien word, hoe meer akkuraat sal ons teelwaardes ook word. Ek wil 'n beroep doen op al die lede om die gewigte te neem en deur te gee. Alle diere van 2013 moet oor die nodige data beskik om vir keuring opgegee te word.*

Ons het dan ook 'n goeie keurders-opknappings kursus gehad. Daar het ons 'n werkswinkel gehou wat moontlike probleme by ons Tuli's aangespreek en uit gelig het. Daarna het ons fisies na beeste gaan kyk en die besprekingspunte praktiese uitgewys. Ek dink dit is belangrik om die produksie en die voorkoms van die Tuli heetlyd te bewaar en te bevorder en dat al ons telers moet saamwerk om die prestasie te bereik.

6.1.6.1 Rasstandaarde vir diere op veiling / Breeding standards for animals on auction – Mnr Mains-Sheard / Mr Mains-Sheard

A) Inteling koëffisiënt moet op alle stambome verskyn / *Inbreeding coefficient to appear on all pedigrees*

Mnr Mains-Sheard noem dat die rasstandaarde te laag is en dat die inteëlingswaarde nie op die katalogus verskyn nie. Mev Welz noem dat dit wel op die katalogus verskyn in die driegerasiestamboom en indien alle ingeteëelde diere verwyder moet word, sal die Tuli ras nie meer bestaan nie. Mnr A Rautenbach stem saam met mev Welz. Dr van Rooyen noem dat al die inligting beskikbaar is op Logix en dat elke teler daarna moet kyk. Dr van Rooyen noem ook dat SA Stamboek sal kyk waar hul dit op die katalogus kan aandui.

Mr Mains-Sheard stated that the breeding standards are too low and that the

inbreeding coefficient doesn't appear on the catalogue. Mrs Welz stated that the inbreeding coefficient shows in the three generation pedigree on the catalogue an if all inbred animals should be removed there won't be a Tuli breed left. Mr A Rautenbach seconded Mrs Welz. Dr van Rooyen stated that all the information are available on Logix and that all the members have access to it. Dr van Rooyen also stated that SA Stud Book will look for a space to show it on the catalogue.

B) TKP (Tussen Kalf Periode / Inter Calf Period)

Mnr Mains-Sheard stel voor dat die TKP nog laer moet wees. Mnr A Rautenbach noem dat daar altyd plek is vir verbetering, maar dat indien 'n koei eenkeer mis en nie dragtig is nie, gaan sy uitval.

Mr Mains-Sheard suggested that the ICP should be lower. Mr A Rautenbach stated that there is room for improvement, but if a cow misses once and is not pregnant, she will fall out.

C) OEK (Ouderdom met eerste kalwing / Dam age with first calving)

D) Indekse / Index

E) Konformasie telling/Conformation score

Mnr Barnard stel voor dat daar 'n stel veilingreëls is en dat al die bogenoemde punte op die volgende Raadsvergadering bespreek moet word en dat die veilingsreëls dan aangepas sal word en aan almal gesirkuleer sal word. Mnr Mains-Sheard sekondeer.

Mr Barnard suggest that there is a set of auction rules and that all the points above will be discussed at the next Council Meeting and that the auction rules will then be adjusted and circulated to all the members. Mr Mains-Sheard seconded.

6.1.7 **Verslag deur Grondwet komitee / Report by Constitution committee** – Mnr Barnard / Mr Barnard

Die wysigings soos bespreek op die AJV van 2012 is nou opgeneem in die grondwet nadat dit behoorlik voorgelê was aan SA Stamboek, Ontvanger en Registrateur van Diereverbetering. Verdere wysigings tov diere tot stemreg kan eers op die AJV van 2015 hanteer word:

Daar moet behoorlik kennis gegee word van die voorgenome besluit.

Mev Welz noem dat die nuutste aangepaste grondwet gewysig is op 16 Augustus 2013 (Aanhangsel A). Mev Welz noem ook dat daar nie 'n engelse grondwet beskikbaar is nie. Dr van Rooyen noem dat die Registrateur die grondwet in engels ook wil hê en stel voor dat dit vertaal moet word.

Mrs Welz stated that the latest adjusted constitution is amended on 16 August 2013 (Appendix A). Mrs Welz also stated that there's no English constitution available. Dr

van Rooyen stated that the Registrar wants the constitution in English as well and that it should be translated.

6.1.8 Verslag deur SA Stamboek komitee / Report by SA Stud Book committee – Mnr Gouws / Mr Gouws

Daar is tans 9 300 geregistreede diere op SA Stamboek is, waarvan 2 448 koeie en 3 600 verse is. Dit gee 'n totaal van 6 048. Bulle en klein bulletjes is 2 344 en die res wat oorbly is ongeveer 'n 1 000 diere op kalfboek. Verlede jaar was daar 8 300 diere, so daar is in die jaar met 'n 1 000 diere gestyg.

Dr van Rooyen noem dat SA Stamboek met Logix Biobank begin het. Dit is soos die vorige Lidcat. Dr van Rooyen raai ook aan dat telers 'n goeie genomiese program moet opbou. Telers moet hul haarmonsters instuur en dit bêre by SA Stamboek. Dit kos eenmalig R 25.00 per dier wat se hare ingestuur word. Die koeverte is ook beskikbaar by SA Stamboek (dit kan by die sekretaresse gekry word).

Dr van Rooyen stated that SA Stud Book started with Logix Biobank. It is the same as Lidcat. Dr van Rooyen also recommends that breeders build a good genomic programme structure. The envelopes are available at SA Stud Book (it can be collected from the secretary).

6.1.9 Inspeksie Verslag / Inspection report – Mnr A Rautenbach / Mr A Rautenbach

Eerstens wil ek graag dankie se vir al die keurders wat bereidwillig was en gehelp het met die keurings die afgelope jaar. Sover dit my of die Kantoor se kennis strek was daar nie enige ernstige klagtes m.b.t. keurings nie. Telers en keurders se terugvoering mbt. kwelpunte sal waardeur word om moontlike probleme op te los.

Daar was ook 'n keurings kursus gehou te Britstown by Ben Raath waar ons nuwe jnr keurders bygekry het. Graag wil ek hulle ook baie geluk wens.

Baie dankie vir Ben wat sy beeste en perseel tot beskikking gestel het en aan al die keurders wat betrokke was om die dag 'n sukses te maak. Ek kon dit ongelukkig self nie bywoon nie aangesien ek oorsee was en is regtig speit om dit te gemis het.

Soos almal weet gebruik ons die afgelope jaar 'n nuwe stelsel waar telers self verantwoordelik was om te reël vir inspeksies van sy diere deur enige van die ras keurders van sy keuse.

Altesaam 50 Telers se diere was gekeur met net onder 2000 diere altesaam.

Oor die algemeen het dit goed gewerk en het dit verseker van ons probleme opgelos wat ons in die verlede ervaar het.

Volgens die data wat ek ontvang het Is +- 70% van diere deur Stefan v Wyk gekeur. 'n Opgemerk is dat genootskap keurders, veral Jnr keurders nie genoegsame oefening

kry nie, met net 3 of 4 Jnr keurders wat snr keurders vergesel het in die laaste jaar. Miskien iets om aan aandag te gee of te bespreek.

Ek stel voor dat daar moet elke derde of vierde jaar 'n keurderstoer wees vir junior- en senior keurders sodat beide die junior en senior keurders meer ervaring kan opdoen. Elke senior keurder kry drie junior keurders en hul gaan doen inspeksies in 'n spesifieke area.

Mnr Hobson bedank mnre McEwan en Buss wat ver gery het om saam met mnr Hobson 'n inspeksie te behartig. Mnr Buss doen navraag of alle junior inspekteurs in kennis gestel kan word wanneer 'n keuring gaan plaasvind, sodat die junior keurders meer ervaring kan opdoen. Mnr Mullins stel voor dat een keurder nie meer as twee opeenvolgende jare dieselfde teler se diere inspekteur nie. Op so manier sal al die keurders gebruik word. Mnr Marx stel voor dat die keuringstoer elke jaar moet plaasvind. Mnr Buss doen navraag oor Stefan van Wyk wat 70% van die keurings behartig, en wil weet hoekom lei die Tuli Genootskap dan hul eie keurders op. Mnr Clark sekondeer mnr A Rautenbach se keuse dat die keurderstoer elke derde jaar moet plaasvind. Mnr Welz noem dat hy Stefan van Wyk gebruik, omdat hy op sy tyd na die diere kyk en dit nie afjaag nie.

Daar word besluit dat hierdie punt na die volgende Raadsvergadering verwys sal word.

Mr Hobson thanked Mr McEwan and Buss for travelling a long way to accompany him with a inspection. Mr Buss inquired if all the junior inspectors can be notified when an inspection will take place, so the junior inspectors can get more experience. Mr Mullins suggests that an inspector may only inspect the same herd for two consecutive years and then a different inspector must be used. Mr Marx suggest that the inspectors tour should take place every year. Mr Buss query Stefan van Wyk who does 70% of the inspections, and asked why are the Tuli Society training inspectors. Mr Clark seconded Mr A Rautenbach's choice that the inspector tour should take place every three years. Mr Welz stated that he uses Stefan van Wyk, because he uses his time when he inspects the animals.

There was decided that this point will be taken forward to the next Council Meeting.

6.2 Veilingsdatums / Auction Dates

HBH Tuli's	-	27 Augustus 2014
Noordelike Tuli Klub	-	9 September 2014
Rooiberg Tuli's	-	18 September 2014
Glen Tuli Health	-	25 September 2014

Eira Tuli's	-	9 Oktober 2014
Go West Tuli's	-	16 Oktober 2014

7. Byvoegings / Additions

7.1. Advertensie / Advertising – Paul Smit

Mnr Smit noem dat hy met Tuli's begin boer het agv 'n artikel wat in die Landbou Weekblad was van Alpha en Omega Tuli's. Mnr Clark stel voor dat daar artikels geskryf moet word oor hoekom kommersiële telers Tuli's gebruik, mnr Mullins sekondeer.

Mnr Buss stel voor dat daar in ander tale (Afrika tale) geadverteer moet word. Mnr Gouws stel voor dat die z-pamflet in ander tale vertaal moet word. Mnr Mullins sal dit behartig. Die sekretaresse moet 'n z-pamflet vir mnr Mullins stuur om die vertaling te doen.

Mr Smit stated that he started farming with Tuli's due to an article he read in the Farmers Weekly about Alpha Omega Tuli's. Mr Clark suggest that articles should be done on commercial breeders and why they use Tuli cattle, Mr Mullins seconded.

Mr Buss suggest that there should be advertised in other languages. Mr Gouws suggest that the z-pamflet should be translated to other languages. Mr Mullins will handle it. The secretary will send a z-pamflet to Mr Mullins to translate.

7.1.1. Webwerf / Website

Mnr Welz noem dat die diere wat huidiglik op die webwerf verskyn al jare terug dood is. Mnr Welz noem ook dat daar niks op die webwerf verander het in die afgelope 18 maande nie, behalwe die veilingsdatums.

Mnr Mains-Sheard noem dat die webwerf die toekoms is en dat dit meer gereeld op datum gehou moet word. Mnr Mains-Sheard wil ook 'n beroep op die Raad doen dat iemand op die Raad die webwerf op datum sal hou. Mnr Rossouw sekondeer.

Mnr Rothmann noem dat die internet besigheid baie deure vir die Genootskap sal oopmaak as dit reg bestuur word. Mnr Rothmann stel homself vrywilig voor om te help met die webwerf. Mnr Welz noem dat skakels vanaf een webwerf na die Tuli webwerf geleei moet word.

Mev Vermaak noem dat mej Henning van SA Stamboek die Tuli Genootskap se webwerf hanteer, maar dat sy net opdragte uitvoer soos dit aan haar deurgegee word.

Daar word besluit dat mnr Rothmann se insette gebruik gaan word en dat hierdie punt na die volgende Raadsvergadering verwys gaan word.

Mr Welz stated that all the animals appearing on the website have passed away years ago. Mr Welz also stated that nothing have changed on the website the last 18 months except the auction dates.

Mr Mains-Sheard stated that the website is the future and that it should be updated more regularly. Mr Mains-Sheard wants to appeal the Council to appoint someone who will handle the website and keep it up to date. Mr Mains-Sheard seconded.

Mr Rothmann stated that the internet will open a lot of doors for the Society if it is managed the correct way. Mr Rothmann volunteers to help with the website. Mr Welz stated that the links from one website should lead to the Tuli Society's website.

Mrs Vermaak stated that Miss Henning from SA Stud Book handles the Tuli's website, but she only follows instructions when it is given to her.

There was decided that Mr Rothmann's inputs will be used and that this point will be taken forward to the next Council Meeting.

7.2. Aanstelling van 'n tegniese adviseur / Appointing a technical advisor – Callie Barnard

Mnr Barnard noem dat daar 'n behoefte is vir 'n tegniese adviseur, wat die telers kan besoek, bemarkingsdae kan bywoon en die Tuli Genootskap kan bemark. Mnr Barnard het 'n voorlegging gegee aan elke teler wat teenwoordig is (Aanhangsel B). Mnr Barnard stel voor dat die Raad toestemming mag kry om 'n tegniese adviseur aan te stel. Mnr Welz noem dat die persoon wie aangestel moet word maklik herkenbaar moet wees en ingelig genoeg moet wees om die Genootskap te bemark en telers te kan help. Hierdie persoon moet bereid wees om genoeg tyd saam met die telers op hul plase te spandeer en hul probleme te identifiseer.

Tagtig persent van die lede teenwoordig sekondeer dat die Raad kan voortgaan met die besluit en dat opsie B (Aanhangsel C) oorweeg moet word.

Mr Barnard stated that there is a need for a technical advisor who visit the breeders, attend marketing days and market the Tuli Society. Mr Barnard also prepared a presentation and handed it out to all the members who attended (Appendix B). Mr Barnard suggests that the Council receive approval to appoint a technical advisor. Mr Welz stated that the person who will be appointed should be easily recognizable and should be informed about the Society in order to promote it. This person should be prepared to spend enough time with the breeders and help to identify their problems.

Eighty percent of the members present seconded that the Council may proceed with the decision and that option B (Appendix C) should be considered.

7.3. TB, BM en Trich toets sertifikate moet beskikbaar wees vir veilingsdiere / TB, BM and Trich tests must be available for auction animals – Albie Rautenbach

Mnr A Rautenbach noem dat dit verpligtend is om alle vroulike diere vir TB en BM te toets vir veilings en dit moet negatief wees, asook alle veilingsbulle moet getoets wees vir Trich en dit moet ook negatief wees voordat hierdie diere op 'n veiling aangebied kan word. Mnr Gilfillan noem dat daar 'n brief uitgestuur is waarin dit aandui dat dit verpligtend is. Mnr Barnard noem dat indien 'n dier aangebied word op veiling en iemand van Zambië of Zimbabwe koop die dier, dat die sertifikate reg moet wees vir die uitvoer van die dier. Mnr Mains-Sheard noem dat die diere ook vir die Agri Mega Week en Nampo getoets moet word. Mnr Gouws versoek die telers om hul diere te toets.

Mr A Rautenbach stated that it is compulsory to test all the female animals for TB and BM when they are going onto auction and tests should be negative. Auction bulls should be tested for Trich and it should also be negative before these animals can be put up for auction. Mr Gilfillan stated that a letter was circulated that announced it as compulsory. Mr Barnard stated that if a animal is on auction and a Zambian or Zimbabwe breeder buys the animal, all the certificates should be ready for the export of the animals. Mr Mains-Sheard stated that all animals should be tested for the Agri Mega Week aswell as Nampo. Mr Gouws appeals to all breeders to test their animals.

8. Verkiesing van Raadslede / Electing of Council members

Mnr Welz stel voor dat die huidige lede nog 'n jaar op die Raad sal dien. Mnre Mullins en Mains-Sheard sekondeer.

Werner Gouws	-	Voorsitter
Callie Barnard	-	Vise – Voorsitter
Alwyn Marx	-	Tesourier
Johan van Rijswijk	-	Raadslid
Ben Raath	-	Raadslid
Albie Rautenbach	-	Raadslid
Chris Hobson	-	Raadslid

Mr Welz suggested that the current members should be appointed for another year on the Council. Mr Mullins and Mains-Sheard seconded.

Werner Gouws	-	Chairman
Callie Barnard	-	Vice - President
Alwyn Marx	-	Treasurer
Johan van Rijswijk	-	Councillor
Ben Raath	-	Councillor
Albie Rautenbach	-	Councillor
Chris Hobson	-	Councillor

9. Benoeming van SA Stamboek verteenwoordiger / Appointment of SA Stud Book representative

Mnr Gouws is heraangestel as die SA Stamboek verteenwoordiger.

Mr Gouws was reappointed as SA Stud Book representative.

10. Datum van volgende vergadering / Date of next meeting

Die datum van die volgende Algemene Jaarvergadering sal deur die Raad aan die lede bekend gemaak word.

The date of the next Annual General Meeting will be announced by the Council.

11. Afsluiting / Closure

Mnr Gouws bedank almal vir hulle insette en sluit af met gebed. Die vergadering verdaag om 13:35.

Mr Gouws thanked members for their attendance and participation in discussions and closed the meeting with prayer. The meeting adjourned at 13:35.